3 Per Cent, 1956–61	3 Persent 1956–61	—	—	—	73,432,880	—
4 Per Cent, 1961	4 Persent 1961	—	—	—	17,540,000	—
U.S.A. Public Loans—	V.S.A. Openbare Lenings—					
4¼ Per Cent, 1965	4¼ Persent 1965	—	686,565	—	1,371,449	—
5¼ Per Cent, 1968. (Raised 1/1/58)	5¼ Persent 1968. (Gehef 1/1/58)	—	—	—	560,912	—
5½ Per Cent, 1968. (Raised 1/12/58)	5½ Persent 1968. (Gehef 1/12/58)	—	362,885	—	718,371	—
International Bank Loans—	Internasionale banklenings—					
4⅛ Per Cent, 1955–63	4⅛ Persent 1955–63	—	—	—	1,265,800	—
3¾ Per Cent, 1956–65	3¾ Persent 1956–65	—	—	—	717,167	—
4¼ Per Cent, 1958–66	4¼ Persent 1958–66	—	—	—	1,440,000	—
5¼ Per Cent, 1960–67	5¼ Persent 1960–67	—	—	—	972,549	—
5¼ Per Cent, 1961–68	5¼ Persent 1961–68	—	—	—	899,417	—

Service.	Dienste.	Estimates, *Begroting*, 1961–62.	Month of October. *Maand Oktober.*		Total 1st April to 31st October. *Totaal 1 April tot 31 Oktober.*	
			1961.	1960.	1961.	1960.
		R	R	R	R	R
Other Loans—	Ander Lenings—					
5¾ Per Cent Export-Import Bank Loan, 1961–67	5¾ Persent „Export-Import" Banklening 1961–67	—	814,503	—	814,503	—
4 Per Cent Netherlands Public Loan, 1961–75	4 Persent Nederlandse Openbare Lening 1961–75	—	—	—	667,057	—
5 Per Cent Cape of Good Hope Stock.....	5 Persent Kaap die Goeie Hoop Effekte....	—	—	—	359,343	—
4½ Per Cent Cape of Good Hope Stock....	4½ Persent Kaap die Goeie Hoop Effekte..	—	—	—	70,093	—
Currency Subscription and Repayment of Promissory Notes in terms of Section 3 of Act No. 48 of 1947	Bydrae van Betaalmiddels en Terugbetalings van Skuldbewyse kragtens Artikel 3 van Wet No. 48 van 1947	—	—	—	1,571,400	—
Costs of Raising Loans chargeable to Loan Account	Koste in verband met opneem van Lenings ten laste van Leningsrekening	—	6,663	—	111,370	—
Issues, Revenue Votes, 1960–61.....	Uitbetalings, Inkomstebegrotingsposte, 1960–61..	—	—	—	177,942	—
Issues, Loan Votes, 1960–61.....	Uitbetalings, Leningsbegrotingsposte, 1960–61....	—	—	—	69,607	—
Issues, Bantu Education Account, 1960–61.....	Uitbetalings, Bantoe-onderwysrekening 1960–61..	—	—	—	40,433	—
Exchequer Balance, 31st October, 1961.....	Skatkissaldo, 31 Oktober 1961.....	—	4,662,519	—	4,662,519	—
TOTALS.....	TOTALE.....R	—	191,932,437	—	1,261,706,043	—

(*a*) Comprises Annual Appropriations, R705,315,217 and Fixed Statutory Appropriations, R15,732,400.
(*b*) Act No. 41 of 1925 as amended and Act No. 56 of 1954.
(*c*) Act No. 42 of 1935 as amended.
(*d*) Section 15 of Act No. 3 of 1952.
(*e*) Section 7 of Act No. 53 of 1957.

(*a*) Bestaan uit Jaarlikse Toewysings, R705,315,217 en Vasgestelde Statutêre Toewysings, R15,732,400.
(*b*) Wet No. 41 van 1925 soos gewysig en Wet No. 56 van 1954.
(*c*) Wet No. 42 van 1935 soos gewysig.
(*d*) Artikel 15 van Wet No. 3 van 1952.
(*e*) Artikel 7 van Wet No. 53 van 1957.

No. 985.] [10 November 1961.

PUBLIC ACCOUNTANTS' AND AUDITORS' BOARD.—AMENDMENT OF RULES FOR QUALIFYING EXAMINATION.

It is hereby notified for general information that the Minister of Finance has approved, in terms of sub-section (3) of section *twenty-one* of the Public Accountants' and Auditors' Act, 1951 (Act No. 51 of 1951, as amended), the following amendment to Schedule C of Government Notice No. 372 of the 15th March, 1957:—

Insert "University of Stellenbosch . . . Certificate in the Theory of Accountancy." after "University of South Africa."

DEPARTMENT OF TRANSPORT.

No. 971.] [10 November 1961.

APPOINTMENT OF MEMBER.—LOCAL ROAD TRANSPORTATION BOARD, DURBAN.

The Honourable the Minister of Transport has, in terms of section *three* of the Motor Carrier Transportation Act, 1930 (Act No. 39 of 1930), as amended, approved of the appointment of Mr. J. C. van Zyl as a member of the Local Road Transportation Board, Durban, for the period 1st November, 1961, to 1st December, 1961.

DEPARTMENT OF RAILWAYS, HARBOURS AND AIRWAYS.

No. 990.] [10 November 1961.

The State President has been pleased, in terms of section *forty-one* of Act No. 70 of 1957, to appoint the following gentlemen as members of the Table Bay Harbour Advisory Board with effect from the 1st October, 1961:—

Mr. William Reginald Hessett Austin, representing shipping interests.

Mr. Walter Heinrich Andrag, representing persons paying wharfage, landing, shipping or transhipping charges.

Mr. Johannes Basson le Roux, representing agricultural interests.

Mr. Fred Chambers Jameson, representing other interests.

No. 985.] [10 November 1961.

OPENBARE REKENMEESTERS- EN OUDITEURS-RAAD.—WYSIGING VAN REËLS VIR DIE KWALIFISERENDE EKSAMEN.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat die Minister van Finansies, ingevolge subartikel (3) van artikel *een-en-twintig* van die Wet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs, 1951 (Wet No. 51 van 1951, soos gewysig), onderstaande wysiging van Bylae C van Goewermentskennisgewing No. 372 van 15 Maart 1957, goedgekeur het:—

Voeg „Universiteit van Stellenbosch . . . Sertifikaat in die Teorie van Rekeningkunde." in na „Universiteit van Suid-Afrika."

DEPARTEMENT VAN VERVOER.

No. 971.] [10 November 1961.

AANSTELLING VAN LID.—PLAASLIKE PAD-VERVOERRAAD, DURBAN.

Sy Edele die Minister van Vervoer het, ingevolge die bepalings van artikel *drie* van die Motortransportwet, 1930 (Wet No. 39 van 1930), soos gewysig, die aanstelling van mnr. J. C. van Zyl, as lid van die Plaaslike Pad-vervoerraad, Durban, vir die tydperk 1 November 1961 tot 31 Desember 1961, goedgekeur.

DEPARTEMENT VAN SPOORWEË, HAWENS EN LUGDIENS.

No. 990.] [10 November 1961.

Dit het die Staatspresident behaag om die volgende here ingevolge artikel *een-en-veertig* van Wet No. 70 van 1957, met ingang 1 Oktober 1961 as lede van die Adviserende Haweraad, Tafelbaai, aan te stel:—

Mnr. William Reginald Hessett Austin, verteenwoordigende skeepsbelange.

Mnr. Walter Heinrich Andrag, verteenwoordigende persone wat kaaigeld, lossings-, verskepings- of oorskepingskoste betaal.

Mnr. Johannes Basson le Roux, verteenwoordigende landboubelange.

Mnr. Fred Chambers Jameson, verteenwoordigende ander belange.

Nominated by Chamber of Commerce.
Mr. Ernest Vyvyan Emery Howes.
Nominated by Municipal Council.
Mr. Alfred Harold Honikman.
Nominated by Chamber of Industries.
Mr. John Marley Russel.
Nominated by Trade Unions.
Mr. Alfred Milne.
Nominated by Afrikaanse Sakekamer.
Dr. Georg Heinrich Hansmann.

No. 991.] [10 November 1961.

The State President has been pleased, in terms of section *forty-one* of Act No. 70 of 1957, to appoint the following gentlemen as members of the Durban Harbour Advisory Board with effect from 1st October, 1961:—

Mr. Douglas Rowland Tilley, representing shipping interests.
Mr. Joachim Johannes Spies, representing persons paying wharfage, landing, shipping or transhipping charges.
Mr. George Edward Ewart Rowe, representing agricultural interests.
Mr. Reidar Mathias Andersen, representing other interests.

Nominated by Chamber of Commerce.
Mr. George Bernard Law.
Nominated by Municipal Council.
Mr. Sidney Joseph Smith.
Nominated by Chamber of Industries.
Mr. Bernard Charles Wade.
Nominated by Trade Unions.
Mr. John Charles Butler.
Nominated by Afrikaanse Sakekamer.
Mr. Cornelius Johannes Burger.

No. 992.] [10 November 1961.

The State President has been pleased, in terms of section *forty-one* of Act No. 70 of 1957, to appoint the following gentlemen as members of the East London Harbour Advisory Board with effect from the 1st October, 1961:—

Mr. George Arthur Alfred Chapman, representing shipping interests.
Mr. Frank Hamilton Cowie, representing persons paying wharfage, landing, shipping or transhipping charges.
Mr. Charles Francis Bruce, representing agricultural interests.
Mr. Albertus Wynand Louw, representing other interests.

Nominated by Chamber of Commerce.
Mr. Cyril Henry Howard Jackman.
Nominated by Municipal Council.
Mr. Herbert James McJannet.
Nominated by Chamber of Industries.
Mr. Robert Dalziel Williams.
Nominated by Trade Unions.
Mr. Leslie Glen-Young.
Nominated by Afrikaanse Sakekamer.
Mr. Hendrik Christoffel Lourens Heinen.

No. 993.] [10 November 1961.

The State President has been pleased, in terms of section *forty-one* of Act No. 70 of 1957, to appoint the following gentlemen as members of the Port Elizabeth Harbour Advisory Board with effect from the 1st October, 1961:—

Mr. Cuthbert Smail, representing shipping interests.

Deur die Kamer van Koophandel benoem.
Mnr. Ernest Vyvyan Emery Howes.
Deur die Stadsraad benoem.
Mnr. Alfred Harold Honikman.
Deur die Kamer van Nywerhede benoem.
Mnr. John Marley Russel.
Deur vakverenigings benoem.
Mnr. Alfred Milne.
Deur die Afrikaanse Sakekamer benoem.
Dr. Georg Heinrich Hansmann.

No. 991.] [10 November 1961.

Dit het die Staatspresident behaag om die volgende here ingevolge artikel *een-en-veertig* van Wet No. 70 van 1957, met ingang 1 Oktober 1961 as lede van die Adviserende Haweraad, Durban, aan te stel:—

Mnr. Douglas Rowland Tilley, verteenwoordigende skeepsbelange.
Mnr. Joachim Johannes Spies, verteenwoordigende persone wat kaaigeld, lossings-, verskepings- of oorskepingskoste betaal.
Mnr. George Edward Ewart Rowe, verteenwoordigende landboubelange.
Mnr. Reidar Mathias Andersen, verteenwoordigende ander belange.

Deur die Kamer van Koophandel benoem.
Mnr. George Bernard Law.
Deur die Stadsraad benoem.
Mnr. Sidney Joseph Smith.
Deur die Kamer van Nywerhede benoem.
Mnr. Bernard Charles Wade.
Deur vakverenigings benoem.
Mnr. John Charles Butler.
Deur die Afrikaanse Sakekamer benoem.
Mnr. Cornelius Johannes Burger.

No. 992.] [10 November 1961.

Dit het die Staatspresident behaag om die volgende here ingevolge artikel *een-en-veertig* van Wet No. 70 van 1957, met ingang 1 Oktober 1961 as lede van die Adviserende Haweraad, Oos-Londen, aan te stel:—

Mnr. George Arthur Alfred Chapman, verteenwoordigende skeepsbelange.
Mnr. Frank Hamilton Cowie, verteenwoordigende persone wat kaaigeld, lossings-, verskepings- of oorskepingskoste betaal.
Mnr. Charles Francis Bruce, verteenwoordigende landboubelange.
Mnr. Albertus Wynand Louw, verteenwoordigende ander belange.

Deur die Kamer van Koophandel benoem.
Mnr. Cyril Henry Howard Jackman.
Deur die Stadsraad benoem.
Mnr. Herbert James McJannet.
Deur die Kamer van Nywerhede benoem.
Mnr. Robert Dalziel Williams.
Deur vakverenigings benoem.
Mnr. Leslie Glen-Young.
Deur die Afrikaanse Sakekamer benoem.
Mnr. Hendrik Christoffel Lourens Heinen.

No. 993.] [10 November 1961.

Dit het die Staatspresident behaag om die volgende here ingevolge artikel *een-en-veertig* van Wet No. 70 van 1957, met ingang 1 Oktober 1961 as lede van die Adviserende Haweraad, Port Elizabeth, aan te stel:—

Mnr. Cuthbert Smail, verteenwoordigende skeepsbelange.

Mr. Jacobus Christoffel Kotze Erasmus, representing persons paying wharfage, landing, shipping or transhipping charges.

Mr. Isaac Aires, representing agricultural interests.

Mr. Coenraad Christoffel Kriel, representing other interests.

Nominated by Chamber of Commerce.

Mr. Edward Henry Robert Womersley.

Nominated by Municipal Council.

Mr. Adolf Schauder.

Nominated by Chamber of Industries.

Mr. William Joseph Morris.

Nominated by Trade Unions.

Mr. Petrus Johannes Pienaar.

Nominated by Afrikaanse Sakekamer.

Mr. Samuel Dirk Cornelius Odendaal.

No. 994.] [10 November 1961.

DEPARTMENT OF RAILWAYS, HARBOURS AND AIRWAYS.—AMENDMENT TO GENERAL RAILWAY REGULATIONS.

The State President has, by virtue of section *three* of the Railways and Harbours Control and Management (Consolidation) Act (Act No. 70 of 1957), been pleased to approve of the deletion of General Railway Regulation No. 110 and the substitution therefor of the following new regulation:—

"*Packing of Goods.*

110. (*a*) Without prejudice to its right to impose any special conditions in terms of Regulation No. 111, the Administration may prescribe in the Official Railway Tariff Book, or in any supplement thereto, requirements as to the manner in which any class of goods shall be packed for transport and, if any such requirements have been prescribed in relation to a particular class of goods, the Administration may decline to accept for transport goods belonging to that class unless they are packed in accordance with such requirements. If such goods which have not been so packed are accepted for transport, the transport thereof shall be at owner's risk.

(*b*) Except where otherwise provided, the Administration may decline to accept for transport—

(i) goods which are not packed;

(ii) goods [other than those in respect of which packing requirements have been prescribed in terms of paragraph (*a*)], which are, in the opinion of the Administration, not securely packed or sufficiently protected to ensure safe transport and delivery;

(iii) goods which appear to be damaged or defective;

and if any such goods are nonetheless accepted for transport, the transport shall be at owner's risk."

DEPARTMENT OF THE INTERIOR.

No. 956.] [10 November 1961.

CUSTOMS ACT, 1955.—OBJECTIONABLE LITERATURE: LIST No. 52 PUBLISHED SUBSEQUENT TO THE REVISED LIST PUBLISHED BY GOVERNMENT NOTICE No. 1510 OF THE 31ST JULY, 1956.

In terms of sub-section (3) of section *twenty-one* of the Customs Act, 1955 (Act No. 55 of 1955), I, JOHANNES DE KLERK, Minister of the Interior, declare the undermentioned publications, *and all future issues thereof,* to be indecent, obscene or objectionable:—

1. *World Marxist Review,* Vol. 3, No. 11, 1960.
2. *World Trade Union Movement,* No. 6, June, 1960.
3. *Man's Wildcat Adventures,* Vol. 1, No. 11, February, 1961.

Mnr. Jacobus Christoffel Kotze Erasmus, verteenwoordigende persone wat kaaigeld, lossings-, verskepings- of oorskepingskoste betaal.

Mnr. Isaac Aires, verteenwoordigende landboubelange.

Mnr. Coenraad Christoffel Kriel, verteenwoordigende ander belange.

Deur die Kamer van Koophandel benoem.

Mnr. Edward Henry Robert Womersley.

Deur die Stadsraad benoem.

Mnr. Adolf Schauder.

Deur die Kamer van Nywerhede benoem.

Mnr. William Joseph Morris.

Deur vakverenigings benoem.

Mnr. Petrus Johannes Pienaar.

Deur die Afrikaanse Sakekamer benoem.

Mnr. Samuel Dirk Cornelius Odendaal.

No. 994.] [10 November 1961.

DEPARTEMENT VAN SPOORWEË, HAWENS EN LUGDIENS.—WYSIGING IN ALGEMENE SPOORWEGREGULASIES.

Dit het die Staatspresident behaag om, kragtens artikel *drie* van die Konsolidasiewet op die Beheer en Bestuur van Spoorweë en Hawens (Wet no. 70 van 1957), goedkeuring te verleen aan die herroeping van Algemene Spoorwegregulasie no. 110 en die vervanging daarvan deur die volgende regulasie:—

„*Verpakking van goedere.*

110. (*a*) Die Administrasie kan, sonder benadeling van sy reg om spesiale voorwaardes ingevolge regulasie no. 111 op te lê, vereistes in die Offisiële Spoorwegtariefboek of in enige byvoegsel daarby voorskryf insake die wyse waarop enige klas goedere vir vervoer verpak moet wees, en as sodanige vereistes voorgeskryf is in verband met 'n besondere klas goedere, kan die Administrasie weier om goedere van daardie klas vir vervoer aan te neem tensy dit ooreenkomstig die vereistes verpak is. As sulke goedere wat nie op die voorgeskrewe wyse verpak is nie vir vervoer aangeneem word, sal dit op eienaarsrisiko vervoer word.

(*b*) Behalwe waar anders bepaal word, kan die Administrasie weier om die volgende goedere vir vervoer aan te neem:—

(i) Goedere wat nie verpak is nie.

(ii) Goedere [behalwe dié waarvoor vereistes ten opsigte van die verpakking daarvan ingevolge paragraaf (*a*) voorgeskryf is] wat volgens die Administrasie se mening nie stewig verpak of genoegsaam beskerm is om te verseker dat dit veilig vervoer en afgelewer kan word nie.

(iii) Goedere wat skynbaar beskadig of defek is.

Indien sulke goedere desondanks vir vervoer aangeneem word, sal dit op eienaarsrisiko vervoer word."

DEPARTEMENT VAN BINNELANDSE SAKE.

No. 956.] [10 November 1961.

DOEANEWET, 1955.—AANSTOOTLIKE LITERATUUR: LYS No. 52 GEPUBLISEER NA DIE HERSIENE LYS WAT BY GOEWERMENTSKENNISGEWING No. 1510 VAN 31 JULIE 1956 GEPUBLISEER IS.

Kragtens subartikel (3) van artikel *een-en-twintig* van die Doeanewet, 1955 (Wet No. 55 van 1955), verklaar ek, JOHANNES DE KLERK, Minister van Binnelandse Sake, onderstaande publikasies, *en alle toekomstige uitgawes daarvan,* as onbetaamlik, onwelvoeglik of aanstootlik:—

1. *World Marxist Review,* Vol. 3, No. 11, 1960.
2. *World Trade Union Movement,* No. 6, June, 1960.
3. *Man's Wildcat Adventures,* Vol. 1, No. 11, February, 1961.

In terms of sub-section (1) of section *twenty-one* of the Customs Act, 1955, the said publications are, therefore prohibited from importation into the Union.

In terms of section *one hundred and twenty-eight* read with section *one hundred and twenty-six* of the said Act, any person who knowingly has in his possession or deals with any such publications, shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine of two thousand rand, or to imprisonment for a period not exceeding five years, or to both such fine and imprisonment.

Attention is also invited to the provisions of section *one hundred and thirty-seven* of the said Act, in terms of which any person who sells, offers or keeps for sale or distributes or exhibits any such publications, shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding four hundred rand or to imprisonment without the option of a fine for a period not exceeding twelve months, or to both such fine and imprisonment.

J. DE KLERK,
Minister of the Interior.

No. 978.] [1 November 1961.

REGULATIONS UNDER SECTION *TWELVE* OF THE STATISTICS ACT, 1957 (ACT No. 73 OF 1957).

CENSUS OF WHOLESALE AND RETAIL DISTRIBUTIVE TRADE, 1960-61.

The State President has been pleased to make, under the provisions of section *twelve* of the Statistics Act, 1957 (Act No. 73 of 1957), the regulations hereunder in regard to the taking of a Census of the Wholesale and Retail Distributive Trade.

1. For the purpose of these regulations—

(*a*) an "establishment" exists wherever goods are sold, bartered, exchanged, offered for sale, barter or exchange, received, stored, unpacked, despatched, assembled or repaired. Two or more establishments or branches which are under the same control shall be considered as separate establishments and separate returns must be rendered in respect of each;

(*b*) a "wholesale trading establishment" is one which is primarily (at least 75 per cent of total sales) engaged in the selling of goods to dealers and distributors for resale or to purchasers for use or consumption in their own businesses;

(*c*) a "retail trading establishment" is one which sells merchandise (at least 25 per cent of total sales) direct to the consumer for personal or household use.

2. (*a*) The person in charge of a wholesale or retail distributive trade establishment shall on or before the 30th day of November, 1961, or on or before such later date as the Director of Census and Statistics may for good cause allow, render on a form or forms which may be obtained from the Director of Census and Statistics, Pretoria, a return or returns which he shall sign and certify as being correct, containing all the particulars and information prescribed in regulation 4 in respect of the period defined in regulation 3.

(*b*) For the purpose of these regulations the person in charge of a wholesale or retail distributive trade establishment shall be—

(i) any person who during the period defined in regulation 3 owned a wholesale or retail distributive trade establishment; provided that a return or returns referred to in paragraph (*a*) may also be accepted from a person who was commissioned by such owner with the supervision, control, administration, direction or management of the affairs of such establishment, as the case may be;

Ingevolge subartikel (1) van artikel *een-en-twintig* van die Doeanewet, 1955, mag vermelde publikasies derhalwe nie in die Unie ingevoer word nie.

Ingevolge artikel *honderd agt-en-twintig*, gelees met artikel *honderd ses-en-twintig* van genoemde Wet, begaan 'n persoon wat willens en wetens enigeen van vermelde publikasies in sy besit het of daarmee handel, 'n misdryf en is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van tweeduisend rand of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens vyf jaar, of met sowel die boete as die gevangenisstraf.

Die aandag word ook gevestig op die bepalings van artikel *honderd sewe-en-dertig* van genoemde Wet, ingevolge waarvan 'n persoon wat 'n eksemplaar van enigeen van vermelde publikasies verkoop, te koop aanbied of hou of versprei of vertoon, 'n misdryf begaan en by skuldigbevinding strafbaar is met 'n boete van hoogstens vierhonderd rand of met gevangenisstraf sonder die keurse van 'n boete, vir 'n tydperk van hoogstens twaalf maande of met sowel die boete as die gevangenisstraf.

J. DE KLERK,
Minister van Binnelandse Sake.

10—17

No. 978.] [1 November 1961.

REGULASIES KRAGTENS ARTIKEL *TWAALF* VAN DIE WET OP STATISTIEKE, 1957 (WET No. 73 VAN 1957).

SENSUS VAN GROOT- EN KLEINDISTRIBUSIE-HANDEL, 1960-61.

Dit het die Staatspresident behaag om kragtens die bepalings van artikel *twaalf* van die Wet op Statistieke, 1957 (Wet No. 73 van 1957), onderstaande regulasies in verband met die hou van 'n Sensus van die Groot- en Kleindistribusiehandel uit te vaardig:—

1. Vir die toepassing van hierdie regulasies—

(*a*) bestaan 'n „inrigting" waar goedere verkoop, geruil, verruil, te koop of te ruil aangebied, ontvang, opgeberg, uitgepak, versend, gemonteer of herstel word. Twee of meer inrigtings onder dieselfde beheer word as afsonderlike inrigtings beskou en afsonderlike opgawes moet ten opsigte van elkeen ingedien word;

(*b*) is 'n „groothandelinrigting" 'n inrigting wat hoofsaaklik (minstens 75 persent van die totale verkope) goedere verkoop aan handelaars en distribueerders vir herverkoop of aan kopers vir gebruik of verbruik in hul eie besighede;

(*c*) is 'n „kleinhandelinrigting" 'n inrigting wat goedere (minstens 25 persent van die totale verkope) regstreeks aan die verbruiker verkoop vir persoonlike of huishoudelike gebruik.

2. (*a*) Die persoon in beheer van 'n groot- of kleindistribusiehandelinrigting moet voor of op die 30ste dag van November 1961, of voor of op dié later datum wat die Direkteur van Sensus en Statistiek om goeie redes toelaat, op 'n vorm of vorms wat by die Direkteur van Sensus en Statistiek, Pretoria, verkrygbaar is, 'n opgawe of opgawes indien, deur hom onderteken en as korrek gesertifiseer, waarin al die besonderhede en inligting voorgeskryf in regulasie 4 verstrek word ten opsigte van die tydperk in regulasie 3 omskryf.

(*b*) Vir die toepassing van hierdie regulasies is die persoon in beheer van 'n groot- of kleindistribusiehandelinrigting—

(i) iemand wat gedurende die tydperk in regulasie 3 omskryf, die eienaar van 'n groot- of kleindistribusiehandelinrigting was; met dien verstande dat 'n opgawe of opgawes in paragraaf (*a*) genoem ook aanvaar kan word van 'n persoon aan wie die eienaar die toesig, beheer, administrasie, leiding, of bestuur, na gelang van die geval, van die sake van dié inrigting opgedra het;

(ii) a trustee or liquidator or an executor or administrator of an insolvent or deceased estate, or a liquidator of a company or co-operative society or company in liquidation, or a judicial manager of a company under judicial management which owned a wholesale or retail distributive trade establishment during the period defined in regulation 3.

3. The period which shall be covered by the return or returns is the financial year/period of the establishment which ended on any date during the 12 months from 1st July, 1960, to 30th June, 1961.

4. The following particulars and information shall be furnished in the return or returns referred to in paragraph (*a*) of regulation 2:—

(1) Financial year/period covered by return.
(2) Magisterial district in which the establishment is situated.
(3) Trading and registered name, address and post office box (if any) of the establishment.
(4) Name of proprietor or manager.
(5) Whether the establishment is situated in—
  (*a*) an urban area (areas under the jurisdiction of a local authority) and, if so, whether situated in a Bantu residential area (location) or outside a Bantu residential area;
  (*b*) a rural area (other than Bantu areas);
  (*c*) a Bantu area (reserve, released area, rural location, tribal land).
(6) Whether the establishment is owned by an individual, partnership, private limited liability company, public limited liability company, co-operative society or company, or any other body.
(7) If the establishment is owned by an individual or partnership the race of the owner(s), or if by a limited liability company, the race of the financial controlling shareholders.
(8) The nature of business conducted by the establishment.
(9) Whether the establishment is organised on a departmental basis and whether the establishment operates a self-service department.
(10) Particulars in regard to operations related to commerce.
(11) Particulars in regard to services not essentially related to commerce.
(12) Particulars in regard to production undertaking and certain services.
(13) Total number of persons employed on the last payday in September, 1961, and on the 30th June, 1961, and the actual amount of salaries and wages paid for the month of September, 1961, and analysis of occupation by race and sex.
(14) Number of working proprietors, partners and unpaid family assistants by race and sex on the last payday of September, 1961.
(15) Cost of payments in kind (if provided) to staff classified by race for the month of September, 1961.
(16) Analysis of total purchases and transfers-in.
(17) Value of stocks on hand and in transit at the beginning and end of the financial year/period.
(18) Analysis of total sales of merchandise, transfers-out, revenue derived from associated services, workshop, rent and hire, commission on an agency basis, contingent/non-recurring revenue and other trading revenue.
(19) The monthly sales from July, 1960, to June, 1961, inclusive of both months.
(20) Analysis of total merchandise sales by class of customer.
(21) Analysis of total sales by merchandise lines.
(22) Analysis of total expenses of establishment.
(23) Summary of establishment's revenue and expenditure as well as the net profit or loss (if any).

(ii) 'n trustee of likwidateur of 'n eksekuteur of administrateur van 'n insolvente of bestorwe boedel, of 'n likwidateur van 'n maatskappy of koöperatiewe vereniging of maatskappy in likwidasie, of 'n geregtelike bestuur van 'n maatskappy onder geregtelike bestuur wat die eienaar van 'n groot- of kleindistribusiehandelinrigting was gedurende die tydperk in regulasie 3 omskryf.

3. Die tydperk wat deur die opgawe of opgawes gedek moet word, is die boekjaar/periode van die inrigting wat op enige datum gedurende die 12 maande van 1 Julie 1960 tot 30 Junie 1961 geëindig het.

4. Die volgende besonderhede en inligting moet in die opgawe of opgawes in paragraaf (*a*) van regulasie 2 genoem, verstrek word:—

(1) Boekjaar/periode deur die opgawe gedek.
(2) Landdrosdistrik waarin die inrigting geleë is.
(3) Handels- en geregistreerde naam, adres en posbus (as daar is) van die inrigting.
(4) Naam van eienaar of bestuurder.
(5) Of die inrigting geleë is in—
  (*a*) 'n stedelike gebied (gebiede onder die jurisdiksie van 'n plaaslike bestuur) en, indien wel, of dit geleë is in 'n Bantoewoongebied (lokasie) of buite 'n Bantoewoongebied;
  (*b*) 'n plattelandse gebied (uitgesonderd Bantoegebiede);
  (*c*) 'n Bantoegebied (reservaat, oopgestelde gebied, plattelandse lokasie, stamgrond).
(6) Of die inrigting die eiendom is van 'n individu, vennootskap, private maatskappy met beperkte aanspreeklikheid, publieke maatskappy met beperkte aanspreeklikheid, koöperatiewe vereniging of maatskappy, of enige ander liggaam.
(7) Indien die inrigting die eiendom is van 'n individu of vennootskap, die ras van die eienaar(s), of indien die eiendom van 'n private maatskappy met beperkte aanspreeklikheid, die ras van die finansiële beherende aandeelhouers.
(8) Die aard van die besigheid wat deur die inrigting gedryf word.
(9) Of die inrigting op 'n departementele grondslag ingerig is en of dit 'n selfbedieningsafdeling het.
(10) Besonderhede van bedrywighede wat aan die handel verbonde is.
(11) Besonderhede van dienste wat nie noodwendig aan die handel verbonde is nie.
(12) Besonderhede van produksie-onderneming en sekere dienste.
(13) Totale getal persone in diens op die laaste betaaldag in September 1961, en op 30 Junie 1961, werklike bedrag ten opsigte van salarisse en lone vir Septembermaand uitbetaal en 'n ontleding van beroep volgens ras en geslag.
(14) Die getal werkende eienaars, vennote en onbesoldigde familie-assistente volgens ras en geslag op die laaste betaaldag in September 1961.
(15) Koste van betalings in natura (indien verskaf) aan personeel, ingedeel volgens ras en geslag, vir September 1961.
(16) Ontleding van totale aankope en oorplasings-in.
(17) Waarde van voorrade voorhande en in transito aan die begin en die end van die boekjaar/periode.
(18) Ontleding van die totale verkope van handelsware, oorplasings-uit, inkomste verkry uit verwante dienste, werkwinkel, huur, kommissie op 'n agentskap-basis, toevallige/nie-herhalende inkomste en ander handelsinkomste.
(19) Die maandelikse verkope van Julie 1960 tot Junie 1961, albei maande ingesluit.
(20) Ontleding van totale verkope van handelsware volgens klas klant.
(21) Ontleding van totale verkope volgens handelsware.
(22) Ontleding van die totale uitgawes van die inrigting.
(23) Opsomming van die inrigting se inkomste en uitgawe asook die netto wins of verlies (as daar is).

(24) Summary of surplus or deficit balance of all trading and other establishments of the firm.

(25) Summary of the unconsolidated appropriation account (applicable to limited companies and co-operatives only).

(26) Summary of interest receivable from outside South Africa and payable outside South Africa. Summary of dividends receivable from outside South Africa and payable to non-resident shareholders.

(27) Balance Sheet (unconsolidated) as at the end of the financial year/period.

(28) Capital expenditure during the year/period.

5. If the establishment is a branch, the information referred to in paragraphs (24) to (28) of regulation 4 shall only be submitted for the firm as a whole.

6. The person in charge of a wholesale or retail distributive trade establishment who, without reasonable cause, fails to comply with these regulations shall be guilty of an offence and liable to conviction to a fine not exceeding fifty rand, or, in the case of continuing failure to comply therewith, to a fine not exceeding two rand for every day during which such failure continues. The person in charge of a wholesale or retail distributive trade establishment shall not be exempted from these penalties by reason only of his having received no form or forms to furnish the return or returns referred to in paragraph (*a*) of regulation 2. The Director of Census and Statistics may, if he deems it advisable, cause a form or forms to be delivered or sent by post to the person in charge of a wholesale or retail distributive trade establishment.

No. 979.] [1 November 1961.

REGULATIONS.

CENSUS OF THE FISHING INDUSTRY.

The State President has been pleased, under the provisions of section *twelve* of the Statistics Act, 1957 (Act No. 73 of 1957), to make the following regulations in regard to the taking of an annual census of the Fishing Industry, in substitution of the regulations promulgated under Government Notice No. 1487 of 5th November, 1919.

1. For the purpose of these regulations—

"due date" means the 31st October of any particular year;

"fish" means any species of sea fish or sea mammal, and includes whales, seals, porpoises, turtles, shellfish, oysters, crustaceans, sea worms and ascidians, and the spawn, eggs, brood or young, or any part of fish, as herein defined;

"fishing" means the commercial catching, taking, hunting and gathering of fish in ocean, coastal, offshore and inland waters or artificial dams. It includes the operation of oyster beds, fish hatcheries and fishing preserves;

"fishing boat" means any vessel used for the catching of fish for purposes of trade;

"fishing harbour" means any place along the coast from which fishing boats operate;

"operator" means the person or concern for whose benefit the business of fishing is carried on;

"owner" means the person or concern in whose name a fishing boat is registered;

"skipper" means the person in charge of a fishing boat, and may be the operator as defined or his employee or the renter of a boat;

"supervisor" means, in the case of a fishing harbour where an officer of the Division of Fisheries is stationed, the officer in charge, and in the case of a fishing harbour where no officer of the Division of Fisheries is stationed, the officer in charge of the nearest police station or post.

(24) Opsomming van batige of nadelige balanse van alle handels- en ander inrigtings van die firma.

(25) Opsomming van die nie-gekonsolideerde winsverdelingsrekening (slegs van toepassing op beperkte maatskappye en koöperasies).

(26) Opsomming van rente ontvangbaar van buite Suid-Afrika en rente betaaalbaar buite Suid-Afrika. Opsomming van dividende ontvangbaar van buite Suid-Afrika en dividende betaalbaar aan buitelandse aandeelhouers.

(27) Balansstaat (nie-gekonsolideerd) soos aan die end van die boekjaar/periode.

(28) Kapitaaluitgawes gedurende die boekjaar/periode.

5. Indien die inrigting 'n tak is, moet die inligting genoem in paragrawe (24) tot (28) van regulasie 4 slegs vir die onderneming as 'n geheel ingedien word.

6. Die persoon in beheer van 'n groot- of kleindistribusiehandelinrigting wat sonder goeie rede versuim om hierdie regulasies na te kom, begaan 'n misdryf en is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens vyftig rand of in die geval van voortdurende versuim om daaraan te voldoen, met 'n boete van hoogstens twee rand vir elke dag wat dié versuim voortduur. Die persoon in beheer van 'n groot- of kleindistribusiehandelinrigting word nie van hierdie strafbepalings onthef slegs omdat hy geen vorm of vorms ontvang het om die opgawe of opgawes genoem in paragraaf (*a*) van regulasie 2 in te dien nie. Die Direkteur van Sensus en Statistiek kan, indien hy dit raadsaam ag, 'n vorm of vorms laat aflewer of per pos aanstuur aan die persoon in beheer van 'n groot- of kleindistribusiehandelinrigting.

No. 979.] [1 November 1961.

REGULASIES.

SENSUS VAN DIE VISVANGNYWERHEID.

Dit het die Staatspresident behaag om, kragtens die bepalings van artikel *twaalf* van die Wet op Statistieke, 1957 (Wet No. 73 van 1957), die volgende regulasies in verband met die opneem van 'n jaarlikse sensus van die Visvangnywerheid uit te vaardig, ter vervanging van die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing No. 1487 van 5 November 1919.

1. Vir die toepassing van hierdie regulasies beteken—

„vervaldatum" 31 Oktober van enige besondere jaar;

„vis" enige soort seevis of seedier, en sluit in walvisse, robbe, seevarke, waterskilpaaie, skulpvisse, oesters, skubdiere, seewurms en askideë, en die eiers, broeisel of kleintjies, of enige gedeelte van vis, soos hierin omskryf;

„vissery" die kommersiële vang, neem, jag en versameling van vis in see- en kuswaters, waters weg van die kus en binnelandse waters of kunsmatige damme. Dit sluit die in bedryf hou van oesterbeddings, visbroeiplekke en visdamme in;

„vissersboot" enige boot wat gebruik word om vis te vang vir handelsdoeleindes;

„vishawe" enige plek langs die kus vanwaar vissersbote uitgaan;

„operateur" die persoon of onderneming vir wie se voordeel die visbedryf onderneem word;

„eienaar" die persoon of onderneming in wie se naam die vissersboot geregistreer is;

„kaptein" die persoon in bevel van 'n vissersboot en kan die operateur, soos omskryf, of sy werknemer of die huurder van 'n boot wees;

„kontroleur" in die geval van 'n vishawe waar 'n amptenaar van die Afdeling Visserye gestasioneer is, die verantwoordelike amptenaar, en in die geval van 'n vishawe waar geen amptenaar van die Afdeling Visserye gestasioneer is nie, die amptenaar in bevel van die naaste polisiekantoor of pos.

2. The owner or operator of any fishing boat shall on or before due date render a return for the year ending 30th June immediately preceding the due date, provided that if the financial year of any owner or operator ends on a date other than 30th June, the return shall be rendered in respect of the financial year immediately preceding the due date. In such a return he shall furnish all the information detailed in the Annexure hereto, or so much of such information as may be required by the Director of Census and Statistics and set out on a form issued by the said Director. The form for the purpose of rendering the return may be obtained on verbal or written application, from a Supervisor or from the Director of Census and Statistics, Pretoria.

3. The owner or operator shall address such return to the Supervisor of the Census and deliver or post it to the Supervisor, or address and post it to the Director of Census and Statistics, Pretoria.

4. Any owner or operator who without good cause fails to comply with these regulations shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding fifty rand, and in the case of a continuing default, to a fine not exceeding two rand for every day during which such default continues.

ANNEXURE TO REGULATIONS.

VIDE REGULATION 2.

---

1. *Owner or Operator.*
   - (*a*) Name and address.
   - (*b*) Race.
   - (*c*) Legal status.
   - (*d*) Occupation, trade or profession.

2. *Fishing Boat.*
   - (*a*) Name.
   - (*b*) Registration number.
   - (*c*) Name of fishing harbour where registered.
   - (*d*) Type.
   - (*e*) Horse-power.
   - (*f*) Length and tonnage.
   - (*g*) Purpose(s) for which used.

3. *Employment.*
   - (*a*) Number, race and type.
   - (*b*) Cash wages, money value of payments in kind.
   - (*c*) Contract payments.

4. *The Catch.*
   - (*a*) The quantity and value of particular species of fish caught, the manner of disposal and the value of the particular species of fish disposed of.

5. *Assets.*
   - (*a*) The book value or market value of boats, fishing gear, other equipment, buildings and works.

6. *Expenditure.*
   - (*a*) Current: Hire of boats and fishing gear, depreciation, interest and other current expenditure in connection with fishing.
   - (*b*) Capital: Purchases of boats, fishing gear, other equipment, cost of rebuilding or refitting fishing boats; cost of buildings and works, and other sundry capital expenditure in connection with fishing.

7. *Revenue.*
   - (*a*) Sale of fish, heads, livers, roes and offal, rent of boats and fishing gear and other sundry revenue in connection with fishing.

2. Die eienaar of operateur van enige vissersboot moet, op of voor die vervaldatum, 'n opgawe verstrek vir die jaar geëindig 30 Junie wat die vervaldatum onmiddellik voorafgaan, met dien verstande dat indien die eienaar of operateur se boekjaar op 'n ander datum as 30 Junie eindig, die opgawe verstrek moet word ten opsigte van die boekjaar wat die vervaldatum onmiddellik voorafgaan. In so 'n opgawe moet hy al die gegewens verstrek wat in die aanhangsel hiervan uiteengesit is, of soveel van die gegewens as wat deur die Direkteur van Sensus en Statistiek verlang word en wat uiteengesit is op 'n vorm deur die Direkteur uitgereik. Die vorm vir die doel van die verstrekking van die opgawe kan op mondelinge of skriftelike aansoek van 'n Kontroleur of van die Direkteur van Sensus en Statistiek, Pretoria, verkry word.

3. Die eienaar of operateur moet die opgawe aan die Kontroleur van die Sensus adresseer en dit aflewer of pos aan die Kontroleur of adresseer en pos aan die Direkteur van Sensus en Statistiek, Pretoria.

4. Enige eienaar of operateur wat sonder gegronde rede versuim om aan hierdie regulasies te voldoen, begaan 'n oortreding en is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens vyftig rand, en in die geval van voortgesette versuim met 'n boete van hoogstens twee rand vir elke dag wat die versuim voortduur.

AANHANGSEL VAN REGULASIES.

SIEN REGULASIE 2.

---

1. *Eienaar of operateur.*
   - (*a*) Naam en adres.
   - (*b*) Ras.
   - (*c*) Regstatus.
   - (*d*) Beroep, bedryf of professie.

2. *Vissersboot.*
   - (*a*) Naam.
   - (*b*) Registrasienommer.
   - (*c*) Naam van vishawe waar geregistreer.
   - (*d*) Soort.
   - (*e*) Perdekrag.
   - (*f*) Lengte en tonnemaat.
   - (*g*) Doeleinde(s) waarvoor gebruik.

3. *Werkgeleentheid.*
   - (*a*) Aantal, ras en soort.
   - (*b*) Kontantlone, geldwaarde van betalings in natura.
   - (*c*) Kontrakbetalings.

4. *Die vangs.*
   - (*a*) Die hoeveelheid en waarde van besondere soorte vis wat gevang is, die wyse van afset en die waarde van die besondere soorte vis wat van die hand gesit is.

5. *Bates.*
   - (*a*) Die boekwaarde of markwaarde van bote, visgereedskap, ander uitrusting, geboue en werke.

6. *Uitgawes.*
   - (*a*) Lopend: Huur van bote en visgereedskap, waardevermindering, rente en ander lopende uitgawes in verband met vissery.
   - (*b*) Kapitaal: Aankope van bote, visgereedskap, ander uitrusting, koste van herbou en opnuut uitrus van vissersbote, koste van geboue en werke en ander diverse kapitaaluitgawes in verband met vissery.

7. *Inkomste.*
   - (*a*) Verkoop van vis, koppe, lewers, kuit en afval; huur van bote en visgereedskap en ander diverse inkomste in verband met vissery.

No. 980.] [1 November 1961.

REGULATIONS UNDER SECTION *TWELVE* OF THE STATISTICS ACT, 1957 (ACT No. 73 OF 1957).

CENSUS OF THE AUTOMOTIVE INDUSTRY.

The State President has been pleased, under the provisions of section *twelve* of the Statistics Act, 1957 (Act No. 73 of 1957), to make the following regulations in regard to the taking of a census of the automotive industry:—

1. For the purpose of these regulations the automotive industry is divided into two parts, namely:—

(*a*) The Motor Trade, comprising: General garages, garages (used cars only), service stations, motor graveyards, parts and accessory dealers (wholesale and retail), wholesale distributors of motor vehicles, retail tyre dealers, automotive electricians, automotive engineering workshops, battery repairers, panel beaters and spray painters, blacksmiths and welders, covered parking garages and other motor trade establishments.

(*b*) Manufacturers, comprising: Radiator manufacturers and repairers, body builders, manufacturers of parts and accessories, motor assembly plants, tyre manufacturers, battery manufacturers and manufacturers of springs.

2. (*a*) The person in charge of an automotive industry establishment shall each year on or before the 31st day of October, or on or before such later date as the Director of Census and Statistics may for good cause allow, render on a form or forms which may be obtained from the Director of Census and Statistics, Pretoria, a return or returns, which he shall sign and certify as being correct, containing all the particulars and information prescribed in regulation 5 in respect of the period defined in regulation 4.

(*b*) For the purpose of these regulations the person in charge of an automotive industry establishment shall be—

(i) any person who during the period defined in regulation 4 owned an automotive industry establishment; provided that a return or returns referred to in paragraph (*a*) may also be accepted from a person who was commissioned by such owner with the supervision, control, administration, direction or management of the affairs of such an establishment, as the case may be;

(ii) a trustee or liquidator or an executor or administrator of an insolvent or deceased estate, or a liquidator of a company or co-operative society or co-operative company in liquidation, or a judicial manager of a company under judicial management which owned an automotive industry establishment during the period defined in regulation 4.

3. Any person who under these regulations is obliged to render a return or returns, shall be exempt from the obligation of rendering a return in connection with the annual census of factories and productive industries, as promulgated under Government Notice No. 1811 of 22nd November, 1957.

4. The period which shall be covered by the return or returns is the financial year which ended on any date during the twelve months from 1st July to 30th June.

5. (*a*) The following particulars and information shall be furnished in the return or the returns referred to in paragraph (*a*) of regulation 2 and apply to the motor trade as defined in paragraph (*a*) of regulation 1:—

(1) Financial year covered by return.

(2) Magisterial district in which the establishment is situated.

(3) Trading and registered name, address and post office box (if any) of the establishment.

(4) Name of proprietor or manager.

No. 980.] [1 November 1961.

REGULASIES KRAGTENS ARTIKEL *TWAALF* VAN DIE WET OP STATISTIEKE, 1957 (WET No. 73 VAN 1957).

SENSUS VAN DIE MOTORNYWERHEID.

Dit het die Staatspresident behaag om kragtens die bepalings van artikel *twaalf* van die Wet op Statistieke, 1957 (Wet No. 73 van 1957), onderstaande regulasies in verband met die hou van 'n sensus van die motornywerheid uit te vaardig:—

1. Vir die toepassing van hierdie regulasies word die motornywerheid in twee dele verdeel, naamlik:—

(*a*) Die Motorhandel, bestaande uit: Algemene garages, garages (alleen gebruikte motors), diensstasies, motorbegraafplase, handelaars in onderdele en bybehore (groot- en kleinhandel), groothandeldistribueerders van motorvoertuie, kleinhandelaars in motorbuitebande, elektrisiëns in die motornywerheid, motornywerheidsingenieurswerkwinkels, batteryherstellers, duikkloppers en spuitverwers, grofsmede en sweisers, onderdakparkeergarages en ander motorhandelinrigtings.

(*b*) Vervaardigers, bestaande uit: Verkoelervervaardigers en -herstellers, bakbouers, vervaardigers van onderdele en bybehore, motormonteerderye, vervaardigers van buitebande, vervaardigers van batterye en vervaardigers van vere.

2. (*a*) Die persoon in beheer van 'n motornywerheidsinrigting moet elke jaar voor of op die 31ste dag van Oktober of voor of op 'n later datum wat die Direkteur van Sensus en Statistiek om goeie redes toestaan, op 'n vorm of vorms wat by die Direkteur van Sensus en Statistiek, Pretoria, verkrygbaar is, 'n opgawe of opgawes indien, deur hom onderteken en as korrek gesertifiseer, waarin al die besonderhede en inligting voorgeskryf in regulasie 5 verstrek word ten opsigte van die tydperk in regulasie 4 omskryf.

(*b*) Vir die toepassing van hierdie regulasie is die persoon in beheer van 'n motornywerheidsinrigting—

(i) iemand wat gedurende die tydperk in regulasie 4 omskryf die eienaar van 'n motornywerheidsinrigting was; met dien verstande dat 'n opgawe of opgawes in paragraaf (*a*) genoem ook aangeneem kan word van 'n persoon aan wie dié eienaar die toesig, beheer, administrasie, leiding of bestuur, na gelang van die geval, van die betrokke inrigting opgedra het;

(ii) 'n trustee of likwidateur of 'n eksekuteur of administrateur van 'n insolvente of bestorwe boedel, of 'n likwidateur van 'n maatskappy of koöperatiewe vereniging of koöperatiewe maatskappy in likwidasie, of 'n geregtelike bestuurder van 'n maatskappy onder geregtelike bestuur wat die eienaar van 'n motornywerheidsinrigting was gedurende die tydperk in regulasie 4 omskryf.

3. Iemand wat kragtens hierdie regulasies verplig is om 'n opgawe of opgawes te verstrek, word vrygestel van die verpligting om 'n opgawe te verstrek in verband met die jaarlikse sensus van fabrieke en produktiewe nywerhede, soos afgekondig by Goewermentskennisgewing No. 1811 van 22 November 1957.

4. Die tydperk wat deur die opgawe of opgawes gedek moet word, is die boekjaar wat op enige datum gedurende die twaalf maande van 1 Julie tot 30 Junie geëindig het.

5. (*a*) Die volgende besonderhede en inligting moet verstrek word in die opgawe of opgawes in paragraaf (*a*) van regulasie 2 genoem en is van toepassing op die Motorhandel soos in paragraaf (*a*) van regulasie No. 1 omskryf:—

(1) Boekjaar deur die opgawe gedek.

(2) Landdrosdistrik waarin die inrigting geleë is.

(3) Handels- en geregistreerde naam, adres en posbus (as daar is) van die inrigting.

(4) Naam van eienaar of bestuurder.

(5) Whether the establishment is an individual, a partnership, private limited liability company, public limited liability company, co-operative society or company, a municipal or government concern or any other body.

(6) If the establishment is individual or a partnership, the race of the owner(s) or, if private limited liability company, the race of the financial controlling shareholders.

(7) Name and address of the head office of which the establishment is a branch.

(8) Whether the establishment sells one or more petrol brands (excluding privileged brands).

(9) Number of petrol and diesel pumps.

(10) Number of working proprietors and family assistants, partners, by race and sex.

(11) Total number of persons employed on the last pay day in September, and the actual amount of salaries and wages paid for the month of September, and analysis of occupation by race and sex.

(12) Cost of payments in kind (if provided) assigned to employees (excluding working proprietors) classified by race and sex for month of September.

(13) Analysis of total purchases and transfers-in.

(14) Analysis and total of sales and transfers-out by kind of article, charges for work done (repairs and services including spares fitted and materials used), value of equipment and other goods manufactured and capitalized and other revenue.

(15) Information regarding workshop operations, (*a*) value in respect of pre-delivery and free services on vehicles, and (*b*) in respect of reconditioning of own used vehicles.

(*a*) in die geval van 'n werknemer wat 'n werkweek van vyf dae het, altesaam minstens 20 werkdae; en
(*b*) in die geval van iedere ander werknemer, altesaam minstens 24 werkdae,

siekteverlof gedurende elke tydkring van 24 opeenvolgende maande diens by hom, en moet hy so 'n werknemer vir elke tydperk van afwesigheid ingevolge hierdie subklousule minstens die loon betaal wat hy sou ontvang het as hy gedurende so 'n tydperk gewerk het: Met dien verstande—

(i) dat gedurende die eerste 24 opeenvolgende maande diens 'n werknemer nie tot meer siekteverlof met volle betaling geregtig is nie as, wat 'n werknemer met 'n werkweek van vyf dae betref, een werkdag ten opsigte van elke voltooide tydperk van vyf weke diens en, wat enige ander werknemer betref, een werkdag ten opsigte van elke voltooide maand diens;

(ii) dat hierdie klousule nie geld vir 'n werknemer op wie se skriftelike versoek 'n werkgewer bydraes, minstens gelyk aan dié wat die werknemer self daarin stort, betaal aan enige fonds of organisasie wat die werknemer aanwys en wat aan die werknemer waarborg dat aan hom by ongeskiktheid in die omstandighede in hierdie klousule vermeld, altesaam minstens die ekwivalent van sy loon vir 20 of 24 werkdae, al na gelang van die geval, in elke tydkring van 24 maande diens betaal sal word, behalwe dat gedurende die eerste 24 maande waarin die werknemer bydraes stort, die gewaarborgde tarief nie die koers van aanwas soos uiteengesit in die eerste voorbehoud van hierdie subklousule te bowe hoef te gaan nie;

(iii) dat, indien 'n werkgewer ingevolge enige wet gelde vir hospitaal- of mediese behandeling ten opsigte van 'n werknemer moet betaal, en sodanige gelde wel betaal, die aldus betaalde bedrag afgetrek kan word van die bedrag wat ingevolge hierdie klousule ten opsigte van afwesigheid weens ongeskiktheid verskuldig is;

(iv) dat, indien 'n werkgewer by enige ander wet verplig word om 'n werknemer ten opsigte van enige tydperk van ongeskiktheid waarvoor hierdie klousule voorsiening maak sy volle loon te betaal, die bepalings van hierdie klousule nie geld nie;

(v) dat die loon wat aan 'n werknemer wat stukwerk verrig betaalbaar is ten opsigte van enige tydperk van afwesigheid met siekteverlof ingevolge hierdie klousule bereken word op grondslag van minstens die besoldiging wat aan so 'n werknemer op sy laaste betaaldag onmiddellik voor sodanige afwesigheid betaal is.

(2) An employer may, as a condition precedent to the payment by him of any amount claimed in terms of this clause by an employee in respect of any absence from work for a period covering more than three consecutive calendar days, require the employee to produce a certificate signed by a medical practitioner confirming the nature and duration of the employee's incapacity.

(3) Where, during the first cycle of 24 months of employment with the same employer, an employee is absent owing to incapacity for a period in excess of any sick leave accrued at the time of such incapacity, he shall be entitled to be paid only in respect of such leave as has so accrued; but his employer shall, if he has not previously done so, at the expiry of the said cycle of employment or on termination of employment before such expiry pay him in respect of such excess period of absence owing to incapacity to the extent to which sick leave, accrued at such expiry or termination, had not been taken.

(4) For the purpose of this clause the expression—

(*a*) "employment" shall be deemed to include any period or periods during which an employee is absent—

(i) on leave in terms of clause 6;
(ii) on the instructions or at the request of his employer;
(iii) on sick leave in terms of sub-clause (1);
(iv) undergoing military training;

amounting in the aggregate in any year to not more than 10 weeks in respect of items (i), (ii) and (iii), plus up to three months of any period of military training undergone in that year, and any period of employment which an employee has had with the same employer immediately before the date of the coming into force of this Determination shall for the purpose of this clause be deemed to be employment under this Determination, and any sick leave on full pay granted to such an employee during such period shall be deemed to have been granted under this Determination;

(*b*) "incapacity" means inability to work owing to any sickness or injury other than that caused by an employee's own misconduct: Provided that any inability to work caused by an accident for which compensation is payable under the Workmen's Compensation Act, 1941, shall be deemed to be incapacity only in respect of any period of inability to work for which no disablement payment is payable in terms of that Act.

8. PUBLIC HOLIDAYS, SUNDAYS AND DAYS OF REST.

(1) Subject to the provisions of clause 4 (6), if an employee does not work on New Year's Day, Good Friday, Ascension Day, the Day of the Covenant or Christmas Day, his employer shall pay him for the week in which such day falls not less than his weekly wage.

(2) Whenever an employee works on New Year's Day, Good Friday, Ascension Day, the Day of the Covenant or Christmas Day his employer shall, save as provided in clause 4 (6), pay him for the week in which such day falls not less than his weekly wage, plus his hourly wage for each hour or part of an hour worked by the employee on such day: Provided that where such an employee is required or permitted to work for less than four hours on such day, he shall be deemed to have worked for four hours.

(3) Whenever an employee, other than a continuous process worker, works on a Sunday, his employer shall either—

(*a*) pay to the employee—

(i) if he so works for a period not exceeding four hours, not less than his daily wage; or
(ii) if he so works for a period exceeding four hours, not less than double his hourly wage for each hour or part of an hour in respect of the total period worked by him on such Sunday or not less than double his daily wage, whichever is the greater; or

(*b*) pay him one and one third times his hourly wage for each hour or part of an hour worked by him on such Sunday, and grant him within 14 days of such Sunday one day's leave and pay him in respect thereof not less than his daily wage: Provided that where such an employee is required or permitted to work for less than four hours on such Sunday, he shall be deemed to have worked for four hours.

(4) Whenever a continuous process worker works on a Sunday his employer shall pay him not less than one and one-third times his hourly wage for each hour or part of an hour worked by him on such Sunday: Provided that where such an employee is required or permitted to work for less than four hours on such Sunday he shall be deemed to have worked for four hours.

(5) Whenever a continuous process worker works on his day of rest his employer shall pay him not less than double his hourly wage for each hour or part of an hour worked by him on such day of rest: Provided that where such an employee is required or permitted to work for less than four hours on such day of rest he shall be deemed to have worked for four hours.

(6) Whenever a continuous process worker works a shift which falls partly on any public holiday mentioned in sub-clause (1), on a Sunday or on his day of rest and partly on any other calendar day, the whole shift shall be deemed to have been worked on the calendar day on which more than half the hours of such shift fell.

(7) This clause shall not apply to a casual employee.

(2) Voordat 'n werkgewer 'n bedrag betaal wat 'n werknemer kragtens hierdie klousule eis ten opsigte van enige afwesigheid uit sy werk gedurende 'n tydperk wat strek oor meer as drie opeenvolgende kalenderdae kan hy vereis dat die werknemer 'n sertifikaat voorlê wat deur 'n geneesheer geteken is en wat die aard en duur van die werknemer se ongeskiktheid bevestig.

(3) Wanneer 'n werknemer gedurende die eerste tydkring van 24 maande diens by dieselfde werkgewer weens ongeskiktheid langer afwesig is as die siekteverlof wat hom ten tyde van sodanige ongeskiktheid toekom, is hy geregtig tot betaling vir slegs dié siekteverlof wat hom dan toekom; maar sy werkgewer moet, as hy dit nie reeds gedoen het nie, by afloop van gemelde tydkring, of by diensbeëindiging voor sodanige afloop, hom ten opsigte van dié langer tydperk van afwesigheid weens ongeskiktheid uitbetaal vir sover die siekteverlof wat by sodanige afloop of beëindiging aan hom toekom, nog nie gebruik is nie.

(4) By die toepassing van hierdie klousule—

(*a*) word die uitdrukking „diens" geag ook enige tydperk of tydperke te omvat waarin die werknemer afwesig is—

(i) met verlof ingevolge klousule 6;
(ii) op las of versoek van sy werkgewer;
(iii) met siekteverlof ingevolge subklousule (1);
(iv) vir militêre opleiding;

en wel tot 'n totaal in enige jaar van hoogstens 10 weke ten opsigte van punte (i), (ii) en (iii), plus tot nie meer as drie maande van enige tydperk van militêre opleiding wat hy in dié jaar ondergaan het, en enige tydperk van diens by dieselfde werkgewer onmiddellik voor die datum van die inwerkingtreding van hierdie Vasstelling word by die toepassing van hierdie klousule geag diens ingevolge hierdie Vasstelling te wees, en alle siekteverlof wat met volle betaling aan so 'n werknemer gedurende so 'n tydperk toegestaan is, word geag ingevolge hierdie Vasstelling toegestaan te wees;

(*b*) beteken „ongeskiktheid" die onvermoë om te werk weens siekte of besering, behalwe as dit deur die werknemer se eie wangedrag veroorsaak is: Met dien verstande dat, as die onvermoë om te werk te wyte is aan 'n ongeluk waarvoor daar ingevolge die Ongevallewet, 1941, vergoeding betaalbaar is, sodanige onvermoë geag word ongeskiktheid te wees slegs ten opsigte van dié tydperk van onvermoë om te werk waarvoor geen vergoeding weens arbeidsongeskiktheid ingevolge genoemde Wet betaalbaar is nie.

8. OPENBARE VAKANSIEDAE, SONDAE EN RUSDAE.

(1) Behoudens die bepalings van klousule 4 (6), moet 'n werkgewer aan 'n werknemer wat op Nuwejaarsdag, Goeie Vrydag, Hemelvaartdag, Geloftedag of Kersdag nie werk nie, minstens sy weekloon betaal vir die week waarin so 'n dag val.

(2) Wanneer 'n werknemer op Nuwejaarsdag, Goeie Vrydag, Hemelvaartdag, Geloftedag of Kersdag werk, moet sy werkgewer hom, behoudens die bepalings van klousule 4 (6), vir die week waarin so 'n dag val, minstens sy weekloon betaal, plus sy uurloon vir elke uur of deel van 'n uur wat die werknemer altesaam op so 'n dag werk: Met dien verstande dat, as daar vereis of toegelaat word dat die werknemer minder as vier uur op so 'n dag werk, hy geag word vier uur te gewerk het.

(3) Wanneer 'n werknemer, uitgesonderd 'n werker in 'n kontinue proses, op 'n Sondag werk, moet sy werkgewer hom betaal, hetsy—

(*a*) (i) indien hy aldus 'n tydperk van hoogstens vier uur werk, minstens sy dagloon; of

(ii) indien hy aldus 'n tydperk van meer as vier uur werk, minstens dubbel sy uurloon vir elke uur of deel van 'n uur ten opsigte van die hele tydperk wat hy op sodanige Sondag werk, of minstens dubbel sy dagloon, watter ook al die meeste is; of

(*b*) minstens een en 'n derde maal sy uurloon vir elke uur of deel van 'n uur wat hy altesaam op so 'n Sondag werk, en hom binne 14 dae vanaf so 'n Sondag een dag verlof toestaan en hom vir dié dag minstens sy dagloon betaal: Met dien verstande dat wanneer vereis of toegelaat word dat so 'n werknemer minder as vier uur op so 'n Sondag werk, hy geag word vier uur te gewerk het.

(4) Wanneer 'n werker in 'n kontinue proses op 'n Sondag werk, moet sy werkgewer hom minstens een en 'n derde maal sy uurloon betaal vir elke uur of deel van 'n uur wat hy op so 'n Sondag werk: Met dien verstande dat, wanneer vereis of toegelaat word dat so 'n werknemer minder as vier uur op so 'n Sondag werk, hy geag word vier uur te gewerk het.

(5) Wanneer 'n werker in 'n kontinue proses op sy rusdag werk, moet sy werkgewer hom minstens dubbel sy uurloon betaal vir elke uur of deel van 'n uur waarop hy op so 'n rusdag werk: Met dien verstande dat wanneer vereis of toegelaat word dat so 'n werknemer minder as vier uur op so 'n rusdag werk, hy geag word vier uur te gewerk het.

(6) Wanneer 'n werker in 'n kontinue proses 'n skof werk wat deels op 'n openbare vakansiedag vermeld in subklousule (1), op 'n Sondag of op sy rusdag en deels op 'n ander kalenderdag val, word geag dat die hele skof gewerk word op dié kalenderdag waarop meer as die helfte van die ure val.

(7) Hierdie klousule geld nie vir 'n los werknemer nie.

9. PIECE-WORK.

(1) An employer may, after at least one week's notice to his employee, introduce any piece-work system and, save as provided in clause 4 (6), the employer shall pay such employee, who is employed on such piece-work system, remuneration at the rates applicable under such system: Provided that, irrespective of the quantity of work done, the employer shall pay such employee not less than—

(*a*) in the case of an employee other than a casual employee, in respect of each week in which piece-work is performed, the amount which he would have been required to pay such employee for that week had he been remunerated on the basis of time worked;

(*b*) in the case of a casual employee, in respect of each day on which piece-work is performed the amount which he would have been required to pay such employee for that day had he been remunerated on the basis of time worked.

(2) An employer shall keep posted up in a conspicuous place in his establishment a schedule of the rates referred to in subclause (1).

(3) An employer who intends to cancel or amend any piece-work system in operation or the rates applicable thereunder shall give his employee employed on such system not less than one month's notice of such intention: Provided that an employer and his employee may agree on a longer period of notice, in which case the employer shall give not less than the period of notice agreed upon.

(4) Notwithstanding anything to the contrary in this clause, an employer need not give a casual employee notice of his intention to introduce any piece-work system or to cancel or amend it.

10. UNIFORMS, OVERALLS AND PROTECTIVE CLOTHING.

An employer shall supply and maintain in serviceable condition, free of charge, any uniform, overall, gumboots or other protective clothing which he requires his employee to wear or which by any law or regulation he is compelled to provide for his employee and any such uniform, overall, gumboots or other protective clothing shall remain the property of the employer.

11. PROHIBITION OF EMPLOYMENT.

An employer shall not employ any person under the age of 15 years.

12. TERMINATION OF CONTRACT OF EMPLOYMENT.

(1) An employer or his employee, other than a casual employee, who desires to terminate the contract of employment, shall give—

(*a*) during the first four weeks of employment, not less than one work day's,

(*b*) after the first four weeks of employment, not less than one week's,

notice of termination of contract, or an employer or employee may terminate the contract without notice by paying the employee or paying or forfeiting to the employer, as the case may be, in lieu of such notice not less than—

(i) in the case of one work day's notice, the daily wage which the employee is receiving at the time of such termination;

(ii) in the case of a week's notice, the weekly wage which the employee is receiving at the time of such termination:

Provided that this shall not affect—

(i) the right of an employer or an employee to terminate the contract without notice for any cause recognised by law as sufficient;

(ii) any written agreement between an employer and his employee which provides for a period of notice of equal duration on both sides and for longer than that prescribed in this clause;

(iii) the operation of any forfeitures or penalties which by law may be applicable in respect of an employee who deserts:

Provided further that where the wage of an employee at the date of termination has been reduced by deductions in respect of short-time, the expression "is receiving at the time of such termination" shall, when an employer pays an employee in lieu of notice, be deemed to mean "would have received at the time of such termination if no deductions had been made in respect of short-time".

(2) Where there is an agreement in terms of the second proviso to sub-clause (1), the payment or forfeiture in lieu of notice shall correspond to the period of notice agreed upon.

(3) The notice prescribed in sub-clause (1) shall run from the day on which it is given: Provided—

(i) that the period of notice shall not run concurrently with, nor shall notice be given during, an employee's absence on leave granted in terms of clause 6 or any period of military training; and

(ii) that notice shall not be given during an employee's absence on sick leave granted in terms of clause 7.

13. CERTIFICATE OF SERVICE.

An employer shall upon termination of the contract of employment, other than through the desertion of an employee, furnish his employee, other than a casual employee, with a certificate of service, substantially in the form prescribed in the Schedule to this Determination, showing the full names of the employer and his employee, the occupation of the employee, the date of commencement and the date of termination of the contract and the employee's weekly wage at the date of such termination.

9. STUKWERK.

(1) Ná minstens een week kennisgewing aan sy werknemer kan 'n werkgewer 'n stukwerkstelsel invoer en, behoudens die bepalings van klousule 4 (6), moet die werkgewer 'n werknemer wat volgens so 'n stukwerkstelsel werk, besoldig teen die tarief wat volgens dié stelsel geld: Met dien verstande dat die werkgewer, ongeag die hoeveelheid gedane werk, die werknemer minstens die volgende betaal:—

(*a*) In die geval van 'n ander werknemer as 'n los werknemer, vir elke week waarin stukwerk verrig word, die bedrag wat hy so 'n werknemer vir dié week sou moet betaal het as hy hom 'n tydloon betaal het;

(*b*) in die geval van 'n los werknemer, vir elke dag waarop stukwerk verrig word, die bedrag wat hy so 'n werknemer vir daardie dag sou moet betaal het as hy hom 'n tydloon betaal het.

(2) 'n Werkgewer moet 'n lys van die tariewe vermeld in subklousule (1) op 'n opvallende plek in sy bedryfsinrigting aangeplak hou.

(3) 'n Werkgewer wat voornemens is om 'n bestaande stukwerkstelsel of die tariewe wat daarvolgens geld, af te skaf of te wysig, moet aan die betrokke werknemers minstens een kalendermaand kennis van sodanige voorneme gee: Met dien verstande dat 'n werkgewer en sy werknemer oor 'n langer termyn van kennisgewing kan ooreenkom en dan moet die werkgewer minstens die ooreengekome kennis gee.

(4) Ondanks andersluidende bepalings in hierdie klousule, hoef 'n werkgewer 'n los werknemer geen kennis te gee van sy voorneme om 'n stukwerkstelsel in te voer of af te skaf of te wysig nie.

10. UNIFORMS, OORPAKKE EN BESKERMENDE KLERE.

'n Werkgewer moet alle uniforms, oorpakke, rubberstewels of ander beskermende klere wat hy vereis dat sy werknemer dra of wat enige wet of regulasie hom verplig om aan sy werknemer te verskaf, gratis verskaf en in bruikbare en sindelike toestand hou; en alle sodanige uniforms, oorpakke, rubberstewels of ander beskermende klere bly die eiendom van die werkgewer.

11. VERBOD OP INDIENSNEMING.

'n Werkgewer mag niemand onder die ouderdom van 15 jaar in diens neem nie.

12. BEËINDIGING VAN DIENSKONTRAK.

(1) 'n Werkgewer of sy werknemer, uitgesonderd 'n los werknemer, kan 'n dienskontrak beëindig deur dit—

(*a*) gedurende die eerste vier weke diens, minstens een werkdag;

(*b*) ná die eerste vier weke diens, minstens 'n week;

vooruit op te sê; of 'n werkgewer of 'n werknemer kan die kontrak sonder opsegging beëindig deurdat in plaas van opsegging die werkgewer aan die werknemer minstens die volgende betaal, of die werknemer aan die werkgewer minstens die volgende betaal of verbeur, al na gelang van die omstandighede—

(i) in die geval van een werkdag opsegging die dagloon wat die werknemer ten tyde van sodanige beëindiging ontvang;

(ii) in die geval van 'n week opsegging, die weekloon wat die werknemer ten tyde van sodanige beëindiging ontvang:

Met dien verstande dat hierdeur onaangetas gelaat word—

(i) die reg van 'n werkgewer of sy werknemer om op enige regsgeldige grond die kontrak sonder opsegging te beëindig;

(ii) 'n skriftelike ooreenkoms tussen 'n werkgewer en sy werknemer waarin voorsiening gemaak word vir 'n opseggingstermyn wat vir beide partye ewe lank is en langer is as dié wat hierdie klousule voorskryf;

(iii) die werking van verbeurings en boetes wat regtens van toepassing kan wees op 'n werknemer wat sy diens verlaat:

Met dien verstande voorts dat, indien die loon van 'n werknemer teen die datum van die beëindiging reeds weens korttyd verminder is en die werkgewer hom betaal in plaas van sy diens op te sê, die uitdrukking „ten tyde van sodanige beëindiging ontvang" geag word te beteken „ten tyde van sodanige beëindiging sou ontvang het as geen aftrekkings weens korttyd gedoen was nie".

(2) Indien daar ingevolge die tweede voorbehoudsbepaling van subklousule (1) 'n ooreenkoms bestaan, moet die betaling of verbeuring in plaas van opsegging eweredig wees aan die ooreengekome opseggingstermyn.

(3) Die opsegging in subklousule (1) voorgeskryf gaan in op die dag waarop dit gegee word: Met dien verstande—

(i) dat die opseggingstermyn nie mag saamval met en die opsegging nie mag geskied gedurende 'n werknemer se afwesigheid met verlof ingevolge klousule 6 of met enige tydperk van militêre opleiding nie;

(ii) dat gedurende 'n werknemer se afwesigheid met siekteverlof ooreenkomstig klousule 7 opsegging nie mag geskied nie.

13. DIENSSERTIFIKAAT.

Wanneer 'n dienskontrak om 'n ander rede as diensverlating beëindig word, moet die werkgewer aan die betrokke werknemer, uitgesonderd 'n los werknemer, 'n dienssertifikaat gee wat hoofsaaklik die vorm het soos in die Bylaag tot hierdie Vasstelling voorgeskryf en waarin die volle naam van die werkgewer en van sy werknemer, die betrekking van die werknemer, die aanvangs- en die afloopdatum van die kontrak en die werknemer se weekloon ten tyde van die datum van sodanige beëindiging aangegee word.

SCHEDULE.

I/We (*a*).....carrying on trade in the Cement Manufacturing Industry at.....
.....
.....
hereby certify that.....
was employed by me/us (*a*) from the.....day of....., 19....., to the..... day of....., 19....., in the occupation of (*b*).....At the termination of employment his/her (*a*) wage was.....rand .....cents per week.

.....
(Signature of Employer or Authorised Representative.)

Date.....

(*a*) Delete whichever inapplicable.
(*b*) State occupation in which employee was wholly or mainly engaged, e.g. clerk, labourer, driver of a motor vehicle, class I.

W. F. J. STEENKAMP, *Chairman.*
P. R. VIVIERS, *Member.*
A. JUYN, *Additional Member.*

J. T. LLEWELLYN, *Secretary.*
Pretoria, 5th June, 1961.

No. 981.] [10 November 1961.

INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1956.

It is hereby notified for general information that the State President has been pleased, under the powers vested in him by section *eighty-one* of the Industrial Conciliation Act, 1956 (Act No. 28 of 1956), to amend the regulations published under Government Notice No. 2322 of the 14th December, 1956, as shown in the Schedule hereto.

SCHEDULE.

1. Regulation 1 is hereby amended—

(*a*) by the substitution for the words "five shillings" and "two shillings" where they appear in paragraphs (*a*) and (*c*) of sub-regulation (4) of the words "fifty cents" and "twenty cents", respectively;
(*b*) by the insertion in paragraph (*b*) of sub-regulation (5) after the word "Roodepoort" of the word "Sasolburg";
(*c*) by the insertion in paragraph (*f*) of sub-regulation (5) after the words "Hopefield" and "Victoria West" of the words "Kirkwood" and "Vredenburg", respectively;
(*d*) by the deletion in paragraph (*i*) of sub-regulation (5) of the number "12"; and
(*e*) by the substitution for the words "fifty pounds" where they appear in sub-regulation (6) of the words "one hundred rand".

2. Regulation 3 is hereby amended—

(*a*) by the substitution for the words "eightpence" and "10d." where they appear in paragraph (ii) of sub-regulation (b) of the words "seven cents" and "eight cents", respectively;
(*b*) by the substitution for the amounts "£2", "25s.", "12s. 6d." and "7s. 6d." where they appear in paragraph (iii) of sub-regulation (*b*) of the amounts "R4.00", "R2.50", "R1.25" and "R0.75", respectively;
(*c*) by the substitution for the amount "£3" where it appears in paragraph (i) of sub-regulation (*d*) of the amount "R6.00";
(*d*) by the substitution for the amount "£6" where it appears in paragraph (ii) of sub-regulation (*d*) of the amount "R12.00"; and
(*e*) by the substitution for the amount "£1,500" where it appears in paragraph (iii) of sub-regulation (*d*) of the amount "R3,000.00".

3. Regulation 5 is hereby amended by the substitution for the word "seven" where it appears in sub-regulation (5) of the word "three" and by the addition at the end of the sub-regulation of the words "together with four copies thereof, certified as true copies by the secretary of the council".

BYLAAG.

Ek/Ons (*a*).....wat die sementnywerheid beoefen te.....
.....
.....
verklaar hierby dat.....
in my/ons(*a*) diens was van die.....dag van .....19.....tot die..... dag van.....19..... in die betrekking van (*b*) ..... By diensbeëindiging was sy/haar (*a*) loon.....rand.....sent per week.

.....
(Handtekening van werkgewer of gemagtigde verteenwoordiger.)

Datum.....

(*a*) Skrap wat nie van toepassing is nie.
(*b*) Meld die betrekking waarin die werknemer uitsluitend of hoofsaaklik in diens was, bv., klerk, arbeider, bestuurder van 'n motorvoertuig, klas I.

W. F. J. STEENKAMP, *Voorsitter.*
P. R. VIVIERS, *Lid.*
A. JUYN, *Addisionele Lid.*

J. T. LLEWELLYN, *Sekretaris.*
Pretoria, 5 Junie 1961.

No. 981.] [10 November 1961.

WET OP NYWERHEIDSVERSOENING, 1956.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat dit die Staatspresident behaag het om kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel *een-en-tagtig* van die Wet op Nywerheidsversoening, 1956 (Wet No. 28 van 1956), die regulasies gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. 2322 van 14 Desember 1956, te wysig soos in die Bylae hiervan vermeld.

BYLAE.

1. Regulasie 1 word hierby gewysig—

(*a*) deur die woorde „vyf sjielings" en „twee sjielings" waar hulle voorkom in paragrawe (*a*) en (*c*) van subregulasie (4), onderskeidelik deur die woorde „vyftig sent" en „twintig sent" te vervang;
(*b*) deur die invoeging in paragraaf (b) van subregulasie (5) van die woord „Sasolburg" na die woord „Roodepoort";
(*c*) deur die invoeging in paragraaf (*f*) van subregulasie (5) van die woorde „Kirkwood" en „Vredenburg" onderskeidelik na die woorde „Hopefield" en „Victoria-Wes";
(*d*) deur die syfer „12" in paragraaf (*i*) van subregulasie (5) te skrap; en
(*e*) deur die woorde „vyftig pond" waar hulle voorkom in subregulasie (6), deur die woorde „eenhonderd rand" te vervang.

2. Regulasie 3 word hierby gewysig—

(*a*) deur die woorde „agt pennies" en „tien pennies" waar hulle voorkom in paragraaf (ii) van subregulasie (*b*), onderskeidelik deur die woorde „sewe sent" en „agt sent" te vervang;
(*b*) deur die bedrae „£2", „25s.", „12s. 6d." en „7s. 6d." waar hulle voorkom in paragraaf (iii) van subregulasie (*b*), onderskeidelik deur die bedrae „R4.00", „R2.50", „R1.25" en „R0.75" te vervang;
(*c*) deur die bedrag „£3" waar dit voorkom in paragraaf (i) van subregulasie (*d*), deur die bedrag „R6.00" te vervang;
(*d*) deur die bedrag „£6" waar dit voorkom in paragraaf (ii) van subregulasie (*d*), deur die bedrag „R12.00" te vervang; en
(*e*) deur die bedrag „£1,500" waar dit voorkom in paragraaf (iii) van subregulasie (*d*), deur die bedrag „R3,000.000" te vervang.

3. Regulasie 5 word hierby gewysig deur die woord „sewe" waar dit voorkom in subregulasie (5), deur die woord „drie" te vervang en deur die byvoeging, aan die einde van die subregulasie, van die woorde „tesame met vier afskrifte daarvan, deur die sekretaris van die raad as juiste afskrifte gesertifiseer".

4. Regulation 6 is hereby amended—

(*a*) by the substitution for the word "triplicate" where it appears in sub-regulations (2) and (8) of the word "quadruplicate"; and

(*b*) by the substitution for the word "seven" where it appears in sub-regulation (9) of the word "three" and by the addition at the end of the sub-regulation of the words "together with four copies thereof, certified as true copies by the chairman of the board".

5. Regulation 7 is hereby amended by the substitution for the amount "£15" where it appears in sub-regulation (7) of the amount "R30.00".

6. Regulation 10 is hereby amended—

(*a*) by the substitution for the words "twenty shillings" where they appear in sub-paragraph (i) of paragraph (*a*) of sub-regulation (8) of the words "two rand"; and

(*b*) by the substitution for the words "five shillings", "eighty shillings" and "twenty shillings" where they appear in sub-paragraph (ii) of paragraph (*a*) of sub-regulation (8) of the words "fifty cents", "eight rand" and "two rand", respectively.

7. Regulation 11 is hereby amended—

(*a*) by the substitution for the word "triplicate" where it appears in sub-regulation (1) of the word "sixfold"; and

(*b*) by the substitution for the amount "£15" where it appears in sub-regulation (2) of the amount "R30.00".

8. The annexures to the said regulations are hereby amended—

(*a*) by the insertion in paragraph 1 of Annexure I.C. 15, after the word "three", of the words "signed and four certified";

(*b*) by the insertion in paragraph 1 of Annexure I.C. 26, after the word "transmit", of the words "three signed and four certified copies of";

(*c*) by the insertion after the word "seven" where it appears in paragraph (1) of Annexure I.C. 30 of the word "identical";

(*d*) by the substitution for the symbols "£. s. d." where they appear in Annexure I.C. 32 of the symbols "R c";

(*e*) by the substitution for the word "triplicate" where it appears in the preamble to Annexure I.C. 43 of the word "sixfold";

(*f*) by the insertion in paragraph (1) of Annexure I.C. 43, after the word "is" wherever it appears, of the words "or was";

(*g*) by the addition of the following sub-paragraphs to paragraph (1) of Annexure I.C. 43—

"(*c*) the undermentioned *class of business/work/operation/process.....
.....
.....
falls or fell within the.....
.....
.....
(undertaking, industry, trade or occupation); and

(*d*) the determination made under section *seventy-seven* and published under Government Notice No..... of the .....
.....19....., is or was binding on the undermentioned *employer/employee/class of employees/class of employees.....
.....
.....
or is or was applicable to the.....
.....
.....
(undertaking, industry, trade or occupation or class of work)";

4. Regulasie 6 word hierby gewysig—

(*a*) deur die woord „triplo" waar dit voorkom in subregulasie (2) en (8), deur die woord „viervoud" te vervang; en

(*b*) deur die woord „sewe" waar dit voorkom in subregulasie (9), deur die woord „drie" te vervang en deur die byvoeging, aan die einde van die subregulasie, van die woorde „tesame met vier afskrifte daarvan, deur die voorsitter van die raad as juiste afskrifte gesertifiseer".

5. Regulasie 7 word hierby gewysig deur die bedrag „£15" waar dit voorkom in subregulasie (7), deur die bedrag „R30.00" te vervang.

6. Regulasie 10 word hierby gewysig—

(*a*) deur die woorde „twintig sjielings" waar hulle voorkom in subparagraaf (i) van paragraaf (*a*) van subregulasie (8) deur die woorde „twee rand" te vervang; en

(*b*) deur die woorde „vyf sjielings", „tagtig sjielings" en „twintig sjielings" waar hulle voorkom in subparagraaf (ii) van paragraaf (*a*) van subregulasie (8), onderskeidelik deur die woorde „vyftig sent", „agt rand" en „twee rand" te vervang.

7. Regulasie 11 word hierby gewysig—

(*a*) deur die woord „triplo" waar dit voorkom in subregulasie (1) deur die woord „sesvoud" te vervang; en

(*b*) deur die bedrag „£15" waar dit voorkom in subregulasie (2), deur die bedrag „R30.00" te vervang.

8. Die Aanhangsels van genoemde regulasies word hierby gewysig—

(*a*) deur die woorde „getekende en vier gewaarmerkte" in te voeg na die woord „drie" waar dit voorkom in paragraaf 1 van Aanhangsel I.C. 15;

(*b*) deur die woorde „drie getekende en vier gewaarmerkte afskrifte van" in te voeg na die woord „hierby" waar dit voorkom in paragraaf 1 van Aanhangsel I.C. 26;

(*c*) deur die woord „identieke" in te voeg na die woord "sewe" waar dit voorkom in paragraaf (1) van Aanhangsel I.C. 30;

(*d*) deur die tekens „£ s. d." waar dit voorkom in Aanhangsel I.C. 32, deur die tekens „R c" te vervang;

(*e*) deur die woord „triplo" waar dit voorkom in die aanhef van Aanhangsel I.C. 43, deur die woord „sesvoud" te vervang;

(*f*) deur die woorde „of was" in te voeg na die woord „is" waar dit ook al voorkom in paragraaf (1) van Aanhangsel I.C. 43;

(*g*) deur byvoeging van die volgende subparagrawe by paragraaf 1 van Aanhangsel I.C. 43:—

„(*c*) ondergenoemde *klas besigheid/werk/werksaamheid/proses.....
.....
binne die .....
(onderneming, nywerheid, bedryf of beroep) val of geval het;

(*d*) die vastelling kragtens artikel *sewe-en-sewentig* gemaak en gepubliseer by Goewermentskennisgewing No..... van .....19....., bindend is of was op ondergenoemde *werkgewer/werknemer/klas werkgewers/klas werknemers
.....
.....
of van toepassing is of was op.....
(onderneming, nywerheid, bedryf of beroep of klas werk)";

(*h*) by the addition at the foot of Annexure I.C. 43 of the following note:—

"(iii) A full description of the undertaking, industry, trade or occupation must accompany this form"; and

(i) by the substitution for the words "paragraph 1 (*a*) or 1 (*b*) whichever is" where they appear in note (ii) at the foot of Annexure I.C. 43 of the words "sub-paragraph or sub-paragraphs of paragraph 1".

DEPARTMENT OF BANTU ADMINISTRATION AND DEVELOPMENT

No. 954.] [10 November 1961.

The following Draft Proclamation is published for general information:—

DRAFT PROCLAMATION.

ADVERTISING IN BANTU AREAS.

Under and by virtue of the powers vested in me by section *twenty-five* of the Native Administration Act, 1927 (Act No. 38 of 1927), read with section *twenty-one* of the Native Trust and Land Act, 1936 (Act No. 18 of 1936), I hereby declare that notwithstanding anything contained in any other law, no advertisement as defined in the Advertising on Roads and Ribbon Development Act, No. 21 of 1940, shall be permitted on any land in a scheduled Native area or on land in a released area of which the South African Native Trust as constituted by section *four* of the Native Trust and Land Act, No. 18 of 1936, or a Native is the registered owner or which is registered in the name of the Minister of Bantu Administration and Development or any other person or body in trust for a Native tribe or Native community, except with the written permission of the said Minister or any person acting under and by virtue of his authority.

No. 989.] [10 November 1961.

MUNICIPALITY OF BARKLY WEST.—ESTABLISHMENT OF A LOCATION AND NATIVE VILLAGE.

The Minister of Bantu Administration and Development has approved in terms of paragraphs (*a*) and (*b*) of sub-section (1) of section *two* of the Natives (Urban Areas) Consolidation Act, 1945 (Act No. 25 of 1945), as amended, of the defining, setting apart and laying out by the Municipality of Barkly West as a location and Native village of a certain area of land, 194·4905 morgen in extent, being Erf No. 711, a portion of Erf No. 687, Barkly West, situate within the area under the jurisdiction of the said local authority and as shown on a diagram approved by the Surveyor General under No. 614/61.

DEPARTMENT OF WATER AFFAIRS.

No. 995.] [10 November 1961.

HARTBEESPOORT GOVERNMENT WATER SCHEME.

ALLOCATION OF WATER QUOTA FOR THE WATER YEAR 1ST OCTOBER, 1961, TO 30TH SEPTEMBER, 1962.

The Minister of Water Affairs has, in terms of sub-section (2) (*b*) of section *sixty-three* of the Water Act, 1956 (Act No. 54 of 1956), determined that a water quota of twenty-one (21) cusec-hours per scheduled morgen under the above-mentioned scheme be allocated for the water year 1st October, 1961, to 30th September, 1962.

This allocation is subject to review in the course of the water year if circumstances necessitate.

(*h*) deur die byvoeging, onderaan Aanhangsel I.C. 43, van die volgende opmerking:—

„(iii) 'n Volledige beskrywing van die onderneming, nywerheid, bedryf of beroep moet hierdie aansoek vergesel."; en

(*i*) deur die woorde „paragraaf 1 (*a*) of 1 (*b*), nl. die een" waar dit voorkom in opmerking (ii) onderaan Aanhangsel I.C. 43, deur die woorde „die subparagraaf of subparagrawe van paragraaf 1" te vervang.

DEPARTEMENT VAN BANTOE-ADMINISTRASIE EN -ONTWIKKELING.

No. 954.] [10 November 1961.

Onderstaande konsepproklamasie word vir algemene inligting gepubliseer:—

KONSEPPROKLAMASIE.

ADVERTEER IN BANTOEGEBIEDE.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel *vyf-en-twintig* van die Naturelle-administrasie Wet, 1927 (Wet No. 38 van 1927), gelees met artikel *een-en-twintig* van die Naturelletrust en -grond Wet, 1936 (Wet No. 18 van 1936), verklaar ek hierby dat, ondanks enigiets in enige ander wet vervat, geen advertensie soos omskryf in die Wet op Adverteer langs en Toebou van Paaie, No. 21 van 1940, toegelaat word nie op grond in 'n afgesonderde Naturellegebied of op grond in 'n oopgestelde gebied waarvan die Suid-Afrikaanse Naturelletrust, soos ingestel by artikel *vier* van die Naturelletrust en -grond Wet, No. 18 van 1936, of 'n Naturel die geregistreerde eienaar is of wat geregistreer is op naam van die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling of enige ander persoon of liggaam in trust vir 'n Naturellestam of Naturellegemeenskap, behalwe met die skriftelike toestemming van genoemde Minister of enige persoon wat kragtens sy magtiging handel.

No. 989.] [10 November 1961.

MUNISIPALITEIT VAN BARKLY-WES.—STIGTING VAN LOKASIE EN NATURELLEDORP.

Die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling het kragtens paragrawe (*a*) en (*b*) van subartikel (1) van artikel *twee* van die Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945 (Wet No. 25 van 1945), soos gewysig, sy goedkeuring daaraan geheg dat die Munisipaliteit van Barkly-Wes 'n sekere stuk grond 194·4905 morg groot, synde Erf No. 711, 'n gedeelte van Erf No. 687, Barkly-Wes, geleë binne die gebied onder beheer van genoemde stedelike plaaslike bestuur en soos aangetoon op die kaart wat deur die Landmeter-generaal onder No. 614/61 goedgekeur is as 'n lokasie en Naturelledorp bepaal, afsonder en aanlê.

DEPARTEMENT VAN WATERWESE.

No. 995.] [10 November 1961.

HARTBEESPOORT-STAATSWATERSKEMA.

TOEKENNING VAN WATERKWOTA VIR WATERJAAR 1 OKTOBER 1961 TOT 30 SEPTEMBER 1962.

Die Minister van Waterwese het kragtens subartikel (2) (*b*) van artikel *drie-en-sestig* van die Waterwet, 1956 (Wet No. 54 van 1956), bepaal dat 'n waterkwota van een-en-twintig (21) kusekuur per ingelyste morg ooreenkomstig bogemelde skema vir die waterjaar 1 Oktober 1961 tot 30 September 1962 toegeken word.

Hierdie toekenning is onderworpe aan hersiening in die loop van die waterjaar indien omstandighede dit vereis.

DEPARTMENT OF COMMERCE AND INDUSTRIES.

No. 957.] [10 November 1961.

INVESTIGATION IN TERMS OF SECTION *THREE* (1) (*a*) OF THE REGULATION OF MONOPOLISTIC CONDITIONS ACT, No. 24 OF 1955, AS AMENDED.

The Minister of Economic Affairs has in terms of the provisions of section *three* (1) (*a*) of the Regulation of Monopolistic Conditions Act, 1955 (Act No. 24 of 1955), as amended, directed the Board of Trade and Industries to institute an investigation into monopolistic conditions in the trade in cigarettes and processed tobacco.

The Board hereby notifies for general information that it is going to institute an investigation into the existence or otherwise of monopolistic conditions in the supply and distribution of cigarettes and processed tobacco in the Republic of South Africa. Those interested are invited to submit representations in this connection within a period of three months from the date of publication of this notice to the Secretary, Board of Trade and Industries, Private Bag 84, Pretoria.

J. D. VAN DEVENTER,
Secretary, Board of Trade and Industry.

No. 958.] [10 November 1961.

NOTICE UNDER SECTION *TWO* OF THE SUGAR ACT, 1936.

In terms of the powers vested in me by paragraph (*b*) of sub-section (1) of section *two* of the Sugar Act, 1936 (Act No. 28 of 1936), as amended, I, NICOLAAS DIEDERICHS, Minister of Economic Affairs, do hereby amend the Sugar Industry Agreement, as determined and published under Government Notice No. 1286 of 16th July, 1943, and amended by Government Notices No. 1469 of 16th July, 1948, No. 902 of 28th April, 1950, No. 2205 of 23rd September, 1952, No. 1767 of 27th August, 1954, No. 452 of 16th March, 1956, No. 598 of 29th April, 1960, and No. 321 of 28th July, 1961, as set forth in the Schedule to this Government Notice, and I do hereby publish this amendment in terms of section *two* (1) (*c*) of the said Act.

N. DIEDERICHS,
Minister of Economic Affairs.

SCHEDULE.

1. Amend clause 8 to read as follows:—

"8. In the event of any vacancy arising from death, resignation or other cause, in the office of a member of the Central Board (including, in the case of the chairman, his removal), such vacancy shall be filled within three months in the case of the chairman by the Sugar Association, and in the case of a growers' or millers' representative by appointment as hereinbefore set out. Any member so appointed or elected to fill a vacancy shall hold office on the same terms as to period as his predecessor. In the event of any vacancy in the office of chairman not being filled within three months the Minister shall be requested to nominate a chairman, and his nominee shall forthwith be appointed by the Sugar Association."

2. Delete the proviso to clause 18 (2), and substitute the following new proviso:—

"Provided that, after a full investigation of the circumstances of the case, the Central Board may reinstate all or a portion of the quota so cancelled in favour of the grower concerned and may grant an

DEPARTEMENT VAN HANDEL EN NYWERHEID.

No. 957.] [10 November 1961.

ONDERSOEK INGEVOLGE ARTIKEL *DRIE* (1) (*a*) VAN DIE WET OP REËLING VAN MONOPOLISTIESE TOESTANDE, No. 24 VAN 1955, SOOS GEWYSIG.

Die Minister van Ekonomiese Sake het, ingevolge die bepalings van artikel *drie* (1) (*a*) van die Wet op Reëling van Monopolistiese Toestande, 1955 (Wet No. 24 van 1955), soos gewysig, aan die Raad van Handel en Nywerheid opdrag gegee om ondersoek in te stel na monopolistiese toestande in die handel in sigarette en verwerkte tabak.

Die Raad maak hierby vir algemene inligting bekend dat hy ondersoek gaan instel na die bestaan al dan nie van monopolistiese toestande by die verskaffing en verspreiding van sigarette en verwerkte tabak in die Republiek van Suid-Afrika. Belanghebbendes word uitgenooi om binne 'n tydperk van drie maande na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing vertoë in hierdie verband te rig aan die Sekretaris, Raad van Handel en Nywerheid, Privaatsak 84, Pretoria.

J. D. VAN DEVENTER,
Sekretaris, Raad van Handel en Nywerheid.

No. 958.] [10 November 1961.

KENNISGEWING INGEVOLGE ARTIKEL *TWEE* VAN DIE SUIKERWET, 1936.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by paragraaf (*b*) van subartikel (1) van artikel *twee* van die Suikerwet, 1936 (Wet No. 28 van 1936), soos gewysig, wysig ek, NICOLAAS DIEDERICHS, Minister van Ekonomiese Sake, hierby die Suikernywerheidsooreenkoms, soos bepaal en gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. 1286 van 16 Julie 1943, en gewysig by Goewermentskennisgewings No. 1469 van 16 Julie 1948, No. 902 van 28 April 1950, No. 2205 van 23 September 1952, No. 1767 van 27 Augustus 1954, No. 452 van 16 Maart 1956, No. 598 van 29 April 1960 en No. 321 van 28 Julie 1961, soos uiteengesit in die Bylae van hierdie Goewermentskennisgewing, en ek publiseer hierby hierdie wysiging kragtens artikel *twee* (1) (*c*) van genoemde Wet.

N. DIEDERICHS,
Minister van Ekonomiese Sake.

BYLAE.

1. Wysig klousule 8 om soos volg te lui:—

„8. Ingeval 'n vakature in die amp van 'n lid van die Sentrale Raad weens oorlyde, bedanking of ander oorsaak (met inbegrip, in die geval van die voorsitter van sy ontslag,) ontstaan, moet sodanige vakature binne drie maande gevul word in die geval van die voorsitter deur die Suikervereniging, en in die geval van 'n planters- of 'n meulenaarsverteenwoordiger deur aanstelling soos hierbo uiteengesit. 'n Lid aldus aangestel of gekies om 'n vakature te vul beklee sy amp, wat dienstyd betref, onder dieselfde voorwaardes as sy voorganger. Indien 'n vakature in die amp van voorsitter nie binne drie maande gevul is nie, moet die Minister versoek word om 'n voorsitter te benoem, en sy genomineerde moet onmiddellik deur die Suikervereniging aangestel word."

2. Skrap die voorbehoudsbepaling van klousule 18 (2) en vervang dit deur onderstaande nuwe voorbehoudsbepaling:—

„Met dien verstande dat die Sentrale Raad, na 'n deeglike ondersoek na die omstandighede van die geval, die hele kwota of 'n gedeelte daarvan wat aldus gekanselleer is, ten gunste van die betrokke planter

extension of time, not exceeding two years, within which such reinstated quota is to be translated into a basic quota. Any contingency quota remaining on the expiration of the extended period referred to above shall forthwith be cancelled by the Central Board."

3. Amend clause 20 by the addition of the following new sub-clause:—

"(8) No grower, who has, due to the effects of control of production as provided for in this Agreement, reduced his acreage under cane to an area less than the acreage of his quota land as registered by the Central Board in terms of this clause, shall have the area of his quota land reduced to an acreage less than the acreage so registered."

4. Amend clause 25 as follows:—

Delete sub-clauses (3), (4), (5), (7) and (8), and substitute the following new sub-clauses therefor:—

"(3) Upon the basis of the industrial cane quota and the industrial total of all farm mean peaks, the Central Board shall determine an industrial adjusting factor with power to vary such factor as provided in sub-clause (4) hereof to be applied by all Mill Group Boards to growers' farm mean peaks in order to establish their delivery quotas.

(4) Upon a basis comprising growers' farm mean peaks expressed in tons of sucrose, the application of the aforesaid adjusting factor thereto, growers' seasonal cane estimates and the distribution of shortfalls in estimates as compared with growers' delivery quotas, as provided for hereunder, each Mill Group Board shall prepare a seasonal delivery quota schedule for the purpose of controlling growers' deliveries within the limits of their delivery quotas or adjusted delivery quotas. Such schedule shall be prepared in accordance with such guiding rules as the Central Board may prescribe and shall reflect the position as at the 1st May and thereafter as at the prescribed intervals. The prescribed intervals shall be 1st August, 30th September and a date six weeks prior to the estimated closing date of the mill or group of mills concerned for the season in question. The schedule prepared as at the 30th September shall be regarded as a provisional final schedule, and upon the basis of this schedule the industrial adjusting factor referred to under sub-clause (3) hereof shall be finally determined for the season in question. The delivery quota schedule prepared six weeks prior to the estimated closing date of the mill concerned shall be the final delivery quota schedule for the season. Such final schedule shall be subject to revision only as regards further possible shortfall distribution, unless otherwise determined by the Central Board.

(5) In such delivery quota schedule provision shall be made for a distribution of growers' shortfalls, being any excess of the delivery quotas over their estimates or actual deliveries. For the purpose of this sub-clause the shortfalls of growers concerned at each mill, or group of mills that may be combined for the purposes of production control, shall, in the first instance be dealt with on a sectional basis, that is to say: shortfalls of European growers, including European miller-cum-planters, at a mill, or group of mills that may be combined for purposes of production control, shall be reserved for distribution to such European growers and European miller-cum-planters in accordance with the method set out below; shortfalls of Indian growers, including Indian miller-cum-planters, at a mill, or group of

kan herinstel en die tydperk waarbinne so 'n heringestelde kwota tot 'n basiese kwota omgesit moet word, met hoogstens twee jaar kan verleng. 'n Voorwaardelike kwota wat aan die einde van die verlengde tydperk hierbo genoem nog bestaan, moet onmiddellik deur die Sentrale Raad gekanselleer word."

3. Wysig klousule 20 deur die byvoeging van die volgende subklousule:—

„(8) Die oppervlakte van die kwotagrond van geen planter wat ten gevolge van die uitwerking van produksiekontrole soos in hierdie Ooreenkoms voorsien, sy *acre*-oppervlakte onder suikerriet verminder het tot 'n oppervlakte minder as die *acre*-oppervlakte van sy kwotagrond, soos deur die Sentrale Raad ingevolge hierdie klousule geregistreer, kan verminder word tot 'n *acre*-oppervlakte kleiner as die *acre*-oppervlakte aldus geregistreer nie."

4. Wysig klousule 25 soos volg:—

Skrap subklousules (3), (4), (5), (7) en (8), en vervang hulle deur die volgende nuwe subklousules:—

